# Hoofstuk van die dag: Numeri 26

> *Ná die ramp het die Here vir Moses en vir Eleasar seun van die priester Äaron gesê: "Neem 'n sensus op van die hele volk Israel, van elke Israeliet van twintig jaar en ouer wat vir militêre diens geskik is. Julle moet dit familiegewys doen." (vers 1-2)*

Dié sensus kom byna 40 jaar na die vorige sensus by Sinai (Num 1). Ek kan my voorstel dat Moses hieroor emosioneel moes wees. Niemand wat by Sinai getel is, het meer geleef nie (vers 64), behalwe hy, Josua en Kaleb. En sy eie sterwe was naby, het hy geweet.

Die twee sensusse omspan 'n leeftyd van woestynverblyf, vreugdes en ook baie verdriet en ontbering. Maar nou was dit so te sê verby. Nou moes hulle regmaak vir die inname van die land, en daarvoor was dit nodig om militêr voorbereid te wees. Hulle moes weet hoeveel mense nog oor was ná die 40 jaar. Vandaar die sensus.

Die sensus moes ook 'n ander boodskap oordra aan die mense wat nou vir die eerste keer by Kanaän aangekom het. Hulle was 1820 minder weerbare mans as by Sinai, maar die Here trek steeds saam met hulle. Hy sal hulle nie in die steek laat nie, want Hy hou altyd sy woord.

© Bybelkoerant 2018 – 2026